8546/49.....	Erf No. 1671, Malmesbury..	Bounded by Smuts and Church Streets, Erven Nos. 538, 541-8, 169-172, 174, 1538 and the Main Street/Begrens deur Smuts- en Kerkstraat, Erve Nos. 538, 541-8, 169-172, 174, 1538 en die Hoofweg	Malmesbury.....	2.3800 morgen/ morg.
9385/50.....	Farm/Plaas Crawley A.....	Situate on the Thomas River between East London-Queenstown railway line and the farm Newholm/Grensede aan die Thomasrivier tussen die Oos-Londen-Queenstown spoorwegroete en die plaas Newholm	Cathcart.....	35 morgen/mofg 545 sq. rds./vk. roedes.

op naam van Western Reefs Exploration and Development Company, Limited, en ander geregistreer, en soos aangetoon op goedgekeurde kaart S.G. No. A.2829/50 waarvan afdrucke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Klerksdorp, onder R.M.T. No. 1963, bewaar word, tot 'n publieke delwery vir edele metale ooreenkomstig Hoofstuk IV van gemekte Wet No. 35 van 1908 te proklameer.

Goewermentskennisgewing No. 389/50 word hierby teruggetrek.  
M.M. 35/247.  
22-29-6-13

★ No. 1601.] [29 Junie 1951.  
**INTREKKING EN UITREIKING VAN 'N DIAMANT-SLYPERSLISENSIE.**

Hierby word ooreenkomstig subartikel (6) van artikel een van die Wet op Diamantslijperijen, 1919 (Wet No. 38 van 1919), bekendgemaak dat die Minister van Mynwese—

- (1) die lisensie wat op 19 Junie 1945 aan George Antonie Engelsman verleen is om, in sy hoedanigheid van direkteur van Veraarts Diamond Cutting Works (Proprietary), Limited, die diamantslypersbedryf te Heidelbergweg 52, Johannesburg, uit te oefen, ingetrek het; en
- (2) op 9 Junie 1951 'n lisensie aan George Antonie Engelsman verleen het om, in sy hoedanigheid van direkteur van Engelsman's Diamond Cutting Works (Proprietary), Limited, die diamantslypersbedryf te Heidelbergweg 52, Johannesburg, uit te oefen.  
M.M. 25/8/189.

**ALGEMENE KENNISGĒWINGS.**

**DEPARTEMENT VAN LANDE.**

★ KENNISGEWING No. 564 VAN 1951.

Onderstaande kennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

M. T. S. VAN NIEKERK,  
Landmeter-generaal.

Kantoor van die Landmeter-generaal,  
Kaapstad. S. 975/15/1.

**OPMETINGS VAN KROONGROND (KAAP).**

Ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *sewentien* van Wet No. 9 van 1927, word hierby bekendgemaak dat ondergenoemde kaarte van Kroongrond op die kantoor van die Landmeter-generaal, Kaapstad, ter insae lê, en dat die kaarte, ooreenkomstig die bepalinge van subartikel (1) (c) van artikel *drie* van die Wet, goedgekeur sal word indien geen beswaar teen genoemde kaarte of teen 'n baken of grenslyn wat by die opmetings aangeneem is, voor 27 Augustus 1951 ontvang word nie.

**MISCELLANEOUS.**

## ★ NOTICE No. 560 OF 1951.

**HEX RIVER IRRIGATION BOARD.**

Notice is hereby given in terms of Part IV of the regulations framed under the provisions of section *seventy-seven* and *eighty-six* of Act No. 8 of 1912, as amended, that a meeting will be held at the Magistrate's Office, Worcester on the 27th July, 1951, at 10 a.m., for the election of one member of the above-mentioned Board in place of Mr. J. E. J. Krige whose name did not appear on the voters list when elected in November, 1949.

W. McLOUGHLIN,  
Magistrate.

Magistrate's Office,  
Worcester, 9th June, 1951.

## ★ NOTICE No. 561 OF 1951.

**GROOTHOEK IRRIGATION BOARD.**

Notice is hereby given in terms of Part IV of the regulations framed under the provisions of section *seventy-seven* and *eighty-six* of Act No. 8 of 1912, as amended, that a meeting will be held at the Magistrate's Office, Worcester, on 27th July, 1951, at 10 o'clock a.m. for the election of one member for the above-mentioned Board *vice* Mr. S. J. Rossouw whose period of office expires on 19th August, 1951.

W. McLOUGHLIN,  
Magistrate.

Magistrate's Office,  
Worcester, 9th June, 1951.

## ★ NOTICE No. 562 OF 1951.

**RENFIELD IRRIGATION BOARD.**

Notice is hereby given that the period of office of Messrs. R. A. P. Trollip and A. D. Pienaar as members of the Renfield Irrigation Board will expire by effluxion of time on the 19th August, 1951.

It is further notified that a nomination court will be held in the court-room Bedford on 1st August, 1951, at 10 a.m. for the election of two members to replace them.

J. L. GOTTSCHALK,  
Magistrate.

Bedford, 13th June, 1951.

## ★ NOTICE No. 563 OF 1951.

**ELECTION OF MEMBERS.****STORMSVLEI IRRIGATION BOARD.**

Notice is hereby given that Mr. John Henry Barry, a farmer and hotelproprietor of P.O. Stormsvlei, has been duly elected a member of the above Board for a period of three years as from 1st July, 1951.

A. J. H. HOFMEYR,  
Magistrate.

Swellendam, 13th June, 1951.

## ★ NOTICE No. 565 OF 1951.

**LIQUOR LICENSING BOARD FOR THE DISTRICT OF PRETORIA.****INTERIM MEETING.**

Whereas as Interim Meeting in terms of section *twenty-one* of the Liquor Act, 1928, has been convened by a notice published in the *Government Gazette* of the 8th June, 1951, to be held at the Magistrate's Court ("H"

**DIVERSE.**

## ★ KENNISGEWING No. 560 VAN 1951.

**BESPROEIINGSRAAD VAN HEXRIVIER.**

Hierby word ooreenkomstig deel IV van die regulasies wat kragtens artikels *sewe-en-sewentig* en *ses-en-tagtig* van Wet No. 8 van 1912, soos gewysig, opgestel is, bekendgemaak dat 'n vergadering om 10-uur vm. op 27 Julie 1951, in die magistraatskantoor, Worcester, gehou sal word vir die verkiesing van een lid van bogenoemde Raad in die plek van mnr. J. E. J. Krige wie se naam nie op die kieserslys verskyn het toe hy in November 1949 tot lid van die Raad gekies is nie.

W. McLOUGHLIN,  
Magistraat.

Magistraatskantoor,  
Worcester, 9 Junie 1951.

## ★ KENNISGEWING No. 561 VAN 1951.

**BESPROEIINGSRAAD VAN GROOTHOEK.**

Hierby word ooreenkomstig deel IV van die regulasies wat kragtens artikels *sewe-en-sewentig* en *ses-en-tagtig* van Wet No. 8 van 1912, soos gewysig, opgestel is, bekendgemaak dat 'n vergadering om 10-uur vm. op 27 Julie 1951, in die magistraatskantoor, Worcester, gehou sal word vir die verkiesing van een lid van bogenoemde Raad in die plek van mnr. S. J. Rossouw wie se ampstermyn op 19 Augustus 1951 verstryk.

W. McLOUGHLIN,  
Magistraat.

Magistraatskantoor,  
Worcester, 9 Junie 1951.

## ★ KENNISGEWING No. 562 VAN 1951.

**BESPROEIINGSRAAD VAN RENFIELD.**

Hierby word bekendgemaak dat die ampstermyn van die here R. A. P. Trollip en A. D. Pienaar as lede van die Besproeiingsraad van Renfield op 19 Augustus 1951 verstryk.

Verder word bekendgemaak dat 'n nominasiehofsetting om 10 vm. op 1 Augustus 1951 in die hofsaal te Bedford gehou word om twee lede in hul plek te kies.

J. L. GOTTSCHALK,  
Magistraat.

Bedford, 13 Junie 1951.

## ★ KENNISGEWING No. 563 VAN 1950.

**VERKIESING VAN LEDE.****BESPROEIINGSRAAD VAN STORMSVLEI.**

Hierby word bekendgemaak dat mnr. John Henry Barry, 'n boer en hoteleienaar van Stormsvlei, behoorlik as lid van bogenoemde Raad vir 'n tydperk van drie jaar, vanaf 1 Julie 1951, gekies is.

A. J. H. HOFMEYR,  
Magistraat.

Swellendam, 13 Junie 1951.

## ★ KENNISGEWING No. 565 VAN 1951.

**DRANKLISENSIERAAD VIR DIE DISTRIK PRETORIA.****TUSSENTYDSE VERGADERING.**

Nademaal daar kragtens artikel *een-en-twintig* van die Drankwet, 1928, en by kennisgewing in die *Staatskoerant* van 8 Junie 1951, 'n tussentydse vergadering belê is wat om 10 vm. op Donderdag, 26 Julie 1951, in die

Court) at 10 a.m. on Thursday, the 26th July, 1951, notice is hereby given that the following additional application will be considered at such meeting:—

**BOTTLE AND WHOLESALE LIQUOR LICENCE.  
Removal.**

Alexander Bothma Steenkamp, in his capacity as Manager and Licensee for the Stellenbosch Farmers Winery (Pty.), Ltd., trading under the style or firm of Oude Libertas Bottle Store to remove from the premises situated at 301 Church Street, Pretoria, to new business premises situated at 143 Beatrix Street, Pretoria, on certain Portion No. 4 of Erf No. 358, Arcadia, Pretoria.

(This application is referred in terms of section forty-five of the Act by reason of objections lodged.)

**C. WILLMAN,**  
Acting Magistrate.

Pretoria, 18th June, 1951.

★ NOTICE No. 566 OF 1951.

**KWEEKVALLEI IRRIGATION BOARD.**

Notice is hereby given that the periods of office of Messrs. D. P. J. Botha, D. J. De Wit, S. P. S. Luttig, W. C. Rossouw and C. W. A. Van Zyl have expired.

A public court will be held in the court-room of the Magistrate's Office, Prince Albert, on the 19th July, 1951, at 9.30 a.m. for the purpose of electing members to fill the vacancies.

**R. VAN DER MERWE,**  
Magistrate.

Prince Albert, 11th June, 1951.

★ NOTICE No. 567 OF 1951.

**HANKEY IRRIGATION BOARD.**

Notice is hereby given that Mr. J. F. Landman was duly re-elected as a member of the above Board for a period of three years reckoned from the date of publication hereof in the *Government Gazette*.

**M. S. VERMAAK,**  
Magistrate.

Magistrate's Office,  
Humansdorp, 15th June, 1951.

★ NOTICE No. 568 OF 1951.

A reward of £3 and all reasonable expenses will be paid for the recapture of the undermentioned native male hard labour prisoner who escaped from the Vereeniging Gaol on 11th June, 1951:—

**LUKAS SITOLE.**

*Description.*—Tribal name, Sitole; father's tribal name, Sitole; chief's name, nil; birthplace, Bethlehem; race, Msutu; calling, labourer; age, 32 years; height, 5 ft. 5 in.; hair, black; eyes, brown; build, medium; forehead, round; nose, flat; face, oval; beard, nil; moustache, nil; mouth, medium; lips, thin; marks, scar on right eyebrow.

*Peculiarities.*—Nil.

*Dress.*—Short prison moleskin trousers and white duck jacket at time of escape.

Was undergoing sentence of (i) £5 or one month's imprisonment with hard labour; (ii) £3 or two weeks' imprisonment with hard labour imposed on the 22nd of May, 1951, by the Magistrate, Vanderbijl Park, for two counts of theft.

**P. BERRY,**  
Magistrate.

Vereeniging, 15 June, 1951.

magistraatshof (Hof „H”), Pretoria, gehou sal word, word hierby bekendgemaak dat onderstaande addisionele aansoek by sodanige vergadering oorweeg sal word:—

**BOTTEL- EN GROOTHANDELDRANKLISENSIE.  
Verplasing.**

Alexander Bothma Steenkamp in sy hoedanigheid van Bestuurder en Lisensiehouer vir die Stellenbosch Farmers Winery (Pty.), Ltd., wat handel dryf onder die naam Oude Libertas Bottel Stoor, om verplasing van die lisensie van die gehou wat te Kerkstraat 301, Pretoria, geleë is, na nuwe besigheidsgeboue wat te Beatrixstraat 143, Pretoria, op sekere Gedeelte No. 4 van Erf No. 358, Arcadia, Pretoria, geleë is.

(As gevolg van besware ingedien, word hierdie aansoek verwys kragtens artikel vyf-en-veertig van die Wet.)

**C. WILLMAN,**  
Waarnemende Magistraat.

Pretoria, 18 Junie 1951.

★ KENNISGEWING No. 566 VAN 1951.

**BESPROEIINGSRAAD VAN KWEEKVALLEI.**

Hierby word bekendgemaak dat die ampstermyn van die here D. P. J. Botha, D. J. De Wit, S. P. S. Luttig, W. C. Rossouw en C. W. A. Van Zyl verstryk het.

'n Openbare hofsitting sal om 9.30 vm. op 19 Julie 1951 in die magistraatskantoor, Prins Albert, gehou word vir die verkiesing van lede om die vakatures te vul.

**R. VAN DER MERWE,**  
Magistraat.

Prins Albert, 11 Junie 1951.

★ KENNISGEWING No. 567 VAN 1951.

**BESPROEIINGSRAAD VAN HANKEY.**

Hierby word bekendgemaak dat die heer J. F. Landman behoorlik tot lid van bogenoemde Raad herkies is vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van die datum van publikasie hiervan in die *Staatskoerant*.

**M. S. VERMAAK,**  
Magistraat.

Magistraatskantoor,  
Humansdorp, 15 Junie 1951.

★ KENNISGEWING No. 568 VAN 1951.

'n Beloning van £3 en alle redelike uitgawes sal betaal word vir die hergevangeneming van ondervermelde manlike naturrellegevangene wat tot harde arbeid veroordeel is en op 11 Junie 1951 uit die Vereeniging-tronk ontsnap het:—

**LUKAS SITOLE.**

*Beskrywing.*—Stamnaam, Sitole; stamnaam van vader, Sitole; naam van kaptein, geen; geboorteplek, Bethlehem; ras, Msutu; beroep, arbeider; ouderdom, 32 jaar; lengte, 5 vt. 5 dm.; hare, swart; oë, bruin; liggaamsbou, middelmatig; voorkop, rond; neus, plat; gesig, ovaal; baard, geen; snorbaard, geen; mond, middelmatig; lippe, dun; merke, litteken aan regterwinkbrou.

*Eienaardighede.*—Geen.

*Klere.*—Kort molvelbroek van gevangenis en wit seilbaadjie ten tyde van ontsnapping.

Hy was besig om weens twee aanklagte van diefstal 'n vonnis van (i) £5 boete of een maand gevangenisstraf met harde arbeid, en (ii) £3 boete of twee weke gevangenisstraf met harde arbeid uit te sit wat op 22 Mei 1951 deur die Magistraat, Vanderbijlpark, opgelê is.

**P. BERRY,**  
Magistraat.

Vereeniging, 15 Junie 1951.

★ NOTICE No. 569 OF 1951.

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

NOTICE.

*To whom it may concern:*

Please take notice that, under the powers conferred by section *three (a)* of Act No. 22 of 1916, or any amendment thereof, read in conjunction with Act No. 15 of 1872 (Cape), and statutes therein referred to, the "Administration", as defined in section *two* of the said Act No. 22 of 1916, has by Notice of Expropriation No. C. 3451, dated 15th October, 1949, served on 29th October, 1949, on Lourens Cornelissen, expropriated certain land, in extent approximately 397 square feet, being portion of Lot No. 8, Block S, Epping Forest Estate, a portion of Lots Nos. 3 and 4, situate at Elsjes River, in the Municipality of Goodwood, Cape Division, Cape Province, for the South African Railways and Harbours.

I, therefore, give notice that it is the intention of the Administration to register transfer of the said land according to Diagram L. G. No. 3522/50, in the name of the Government of the Union of South Africa in its Railways and Harbours Administration, free of all conditions.

Dated at Johannesburg this 1st day of June, 1951.

D. H. C. DU PLESSIS,

Acting General Manager,

South African Railways and Harbours.

Ref. L.Z.G. 24/1/4.

★ NOTICE No. 570 OF 1951.

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

NOTICE.

*To whom it may concern:*

Please take notice that, under the powers conferred by section *three (a)* of Act No. 22 of 1916, or any amendment thereof, read in conjunction with Act No. 15 of 1872 (Cape), and statutes therein referred to, the "Administration", as defined in section *two* of the said Act No. 22 of 1916, has by Notice of Expropriation No. C. 3452, dated 15th October, 1949, served on 25th October, 1949, on Charles Henry Phillips, expropriated certain land, in extent approximately 668 square feet, being portion of Lot No. 9, Block S, Epping Forest Estate, situate in the Municipality of Goodwood, Cape Division, Cape Province, for the South African Railways and Harbours.

I, therefore, give notice that it is the intention of the Administration to register transfer of the said land according to Diagram S.G. No. 3523/50, in the name of the Government of the Union of South Africa in its Railways and Harbours Administration, free of all conditions.

Dated at Johannesburg this 1st day of June, 1951.

D. H. C. DU PLESSIS,

Acting General Manager,

South African Railways.

Ref. L.Z.G. 24/1/5.

★ NOTICE No. 571 OF 1951.

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

NOTICE.

*To whom it may concern:*

Please take notice that, under the powers conferred by section *three (a)* of Act No. 22 of 1916, or any amendment thereof, and statutes therein referred to, the "Administration", as defined in section *two* of the said Act, No. 22 of 1916, has by Notice of Expropriation No. C. 3571, dated 2nd March, 1951, served on 14th March, 1951, on Pieter Frederick Theunissen, expropriated certain land, in extent 552 square roods 12 square feet, being

★ KENNISGEWING No. 569 VAN 1951.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

KENNISGEWING.

*Aan wie daarby belang het:*

Geliewe kennis te neem dat die Administrasie, soos omskryf in artikel *twee* van Wet No. 22 van 1916, kragtens die bevoegdheid verleen by artikel *drie (a)* van genoemde Wet No. 22 van 1916, of 'n wysiging daarvan, saamgelees met Wet No. 15 van 1872 (Kaap), en wette daarin genoem, ingevolge Kennisgewing van Onteïening No. C. 3451, gedateer 15 Oktober 1949 en op 29 Oktober 1949 op Lourens Cornelissen gedien, sekere grond, groot ongeveer 397 vierkantvoet, synde gedeelte van Perseel No. 8, Blok S, Epping Forest-landgoed, 'n gedeelte van Perseel Nos. 3 en 4, geleë te Elsjesrivier, in die munisipaliteit van Goodwood, afdeling Kaap, Kaapprovinsie, vir die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens onteien het.

Ek gee dus kennis dat die Administrasie voornemens is om transport van genoemde stuk grond ooreenkomstig Kaart L.G. No. 3522/50, sonder enige voorwaardes, op naam van die Regering van die Unie van Suid-Afrika in sy Administrasie van Spoorweë en Hawens te registreer.

Gedateer te Johannesburg, op hede die 1ste dag van Junie 1951.

D. H. C. DU PLESSIS,

Waarnemende Hoofbestuurder.

Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens.

Verw. L.Z.G. 24/1/4.

★ KENNISGEWING No. 570 VAN 1951.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

KENNISGEWING.

*Aan wie daarby belang het:*

Geliewe kennis te neem dat die Administrasie, soos omskryf in artikel *twee* van Wet No. 22 van 1916, kragtens die bevoegdheid verleen by artikel *drie (a)* van genoemde Wet No. 22 van 1916, of 'n wysiging daarvan, saamgelees met Wet No. 15 van 1872 (Kaap), en wette daarin genoem, ingevolge Kennisgewing van Onteïening No. C. 3452, gedateer 15 Oktober 1949 en op 25 Oktober 1949 op Charles Henry Phillips gedien, sekere grond, groot ongeveer 668 vierkant voet, synde gedeelte van Perseel No. 9, Blok S, Epping Forest-landgoed, geleë in die munisipaliteit van Goodwood, afdeling Kaap, Kaapprovinsie, vir die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens onteien het.

Ek gee dus kennis dat die Administrasie voornemens is om transport van genoemde stuk grond ooreenkomstig Kaart S.G. No. 3523/50, sonder enige voorwaardes, op naam van die Regering van die Unie van Suid-Afrika in sy Administrasie van Spoorweë en Hawens te registreer.

Gedateer te Johannesburg, op hede die 1ste dag van Junie 1951.

D. H. C. DU PLESSIS,

Waarnemende Hoofbestuurder.

Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens.

Verw. L.Z.G. 24/1/5.

★ KENNISGEWING No. 571 VAN 1951.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

KENNISGEWING.

*Aan wie daarby belang het:*

Geliewe kennis te neem dat die Administrasie, soos omskryf in artikel *twee* van Wet No. 22 van 1916, kragtens die bevoegdheid verleen by artikel *drie (a)* van genoemde Wet No. 22 van 1916, of 'n wysiging daarvan en wette daarin genoem, ingevolge Kennisgewing van Onteïening No. C. 3571, gedateer 2 Maart 1951 en op 14 Maart 1951 op Pieter Frederick Theunissen gedien sekere grond, groot 552 vierkant roede 12 vierkant voet synde Persele Nos. 3 en 5, Blok C van die resterende

Lots Nos. 3 and 5, Block C, of the remaining extent of the land marked Lot No. 336, portion of Ellendale, also known as Hillandale, Division of Cape, Cape Province, for the South African Railways and Harbours.

I, therefore, give notice that it is the intention of the Administration to register transfer of the said land according to Diagram No. 833/1910, in the name of the Government of the Union of South Africa in its Railways and Harbours Administration, free of all conditions.

Dated at Johannesburg this 8th day of June, 1951.

D. H. C. DU PLESSIS,  
Acting General Manager,  
South African Railways.

Ref. L.Z. 12/1/31/5.

★ NOTICE No. 572 OF 1951.

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

NOTICE.

To whom it may concern:

Please take notice that, under the powers conferred by section three (a) of Act No. 22 of 1916, or any amendment thereof, read in conjunction with Act No. 15 of 1872 (Cape), and statutes therein referred to, the "Administration", as defined in section two of the said Act No. 22 of 1916, has by Notice of Expropriation No. C. 3453, dated 15th October, 1949, served on 28th October, 1949, on Jacobus Stephanus Niemann, expropriated certain land, in extent approximately 184 square feet, being portion of Lot No. 10, Block S, Epping Forest Estate, a portion of Lots Nos. 3 and 4, situate at Elsjes River, in the Municipality of Goodwood, Cape Division, Cape Province, for the South African Railways and Harbours.

I, therefore, give notice that it is the intention of the Administration to register transfer of the said land according to Diagram L.G. No. 3524/50, in the name of the Government of the Union of South Africa in its Railways and Harbours Administration, free of all conditions.

Dated at Cape Town this 1st day of June, 1951.

D. H. C. DU PLESSIS,  
Acting General Manager,  
South African Railways.

Ref. L.Z.G. 24/1/6.

★ NOTICE No. 573 OF 1951.

WAGE ACT, 1937.

WAGE BOARD INVESTIGATION.—BAKING AND CONFECTIONERY INDUSTRY.

It is hereby notified for general information that, in connection with the above-mentioned investigation, the reference to which was published under Government Notice No. 888 of the 13th April, 1951, the Wage Board will hold a public sitting in the Board Room, Department of Labour Offices, Hill Street, East London, at 10 a.m. on Tuesday, 31st July, 1951, for the purpose of hearing oral representations from interested parties.

T. R. B. READ,  
Secretary, Wage Board.

★ NOTICE No. 574 OF 1951.

WAGE BOARD INVESTIGATION.—TEA, COFFEE AND CHICORY INDUSTRY.

The Wage Board has received a reference in respect of the above-mentioned industry, and notifies in terms of sub-section (1) of section eleven of the Wage Act, 1937, that it is about to investigate, report and submit a recommendation to the Minister of Labour concerning the tea, coffee and chicory industry in the Union of South Africa.

gedeelte van die grond gemerk Perseel No. 336, 'n gedeelte van Ellendale, ook bekend as Hillandale, afdeling Kaap, Kaapprovinsie, vir die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens onteien het.

Ek gee dus kennis dat die Administrasie voornemens is om transport van genoemde stuk grond ooreenkomstig Kaart No. 833/1910, sonder enige voorwaardes op naam van die Regering van die Unie van Suid-Afrika in sy Administrasie van Spoorweë en Hawens te registreer.

Gedateer te Johannesburg, op hede die 8ste dag van Junie 1951.

D. H. C. DU PLESSIS,  
Waarnemende Hoofbestuurder,  
Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens.  
Verw. No. L.Z. 12/1/31/5.

★ KENNISGEWING No. 572 VAN 1951.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

KENNISGEWING.

Aan wie daarby belang het:

Geliewe kennis te neem dat die Administrasie, soos omskryf in artikel twee van Wet No. 22 van 1916, kragtens die bevoegdheid verleen by artikel drie (a) van genoemde Wet No. 22 van 1916, of 'n wysiging daarvan, saamgelees met Wet No. 15 van 1872 (Kaap), en wette daarin genoem, ingevolge Kennisgewing van Onteining No. C. 3453, gedateer 15 Oktober 1949, en op 28 Oktober 1949 op Jacobus Stephanus Niemann gediën, sekere grond, groot ongeveer 184 vierkant voet, synde gedeelte van Perseel No. 10, Blok S, Epping Forest-landgoed, 'n gedeelte van Persele Nos. 3 en 4, geleë te Elsjesrivier, in die munisipaliteit van Goodwood, afdeling Kaap, Kaapprovinsie, vir die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens onteien het.

Ek gee dus kennis dat die Administrasie voornemens is om transport van genoemde stuk grond ooreenkomstig Kaart L.G. No. 3524/50, sonder enige voorwaardes, op naam van die Regering van die Unie van Suid-Afrika in sy Administrasie van Spoorweë en Hawens te registreer.

Gedateer te Johannesburg, op hede die 1ste dag van Junie 1951.

D. H. C. DU PLESSIS,  
Waarnemende Hoofbestuurder,  
Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens.  
Verw. No. L.Z.G. 24/1/6.

★ KENNISGEWING No. 573 VAN 1951.

LOONWET, 1937.

LOONRAADONDERSOEK.—BAK- EN BANKET- NYWERHEID.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Loonraad, in verband met bogenoemde ondersoek, waarvoor die opdrag by Goewermentskennisgewing No. 888 van 13 April 1951 gepubliseer is, 'n openbare vergadering in die Raadkamer, Kantore van die Departement van Arbeid, Hillstraat, Oos-Londen, om 10 vm. op Dinsdag, 31 Julie 1951, sal hou, met die doel om mondelinge vertoë van belanghebbende partye te hoor.

T. R. B. READ,  
Sekretaris, Loonraad.

★ KENNISGEWING No. 574 VAN 1951.

LOONRAADONDERSOEK.—TEE-, KOFFIE- EN SIGOREI-NYWERHEID.

Die Loonraad het 'n opdrag in verband met bogenoemde nywerheid ontvang en gee kragtens subartikel (1) van artikel elf van die Loonwet, 1937, kennis dat hy op die punt staan om ondersoek in te stel na, aan die Minister van Arbeid verslag te doen oor, en 'n aanbeveling voor te lê vir die tee-, koffie- en sigorei-nywerheid in die Unie van Suid-Afrika.

Persons interested are hereby given the opportunity of making written representations to the Board. Such representations, accompanied by seven copies thereof, should reach the Secretary, Wage Board, Compensation House, Schoeman Street, Pretoria, not later than the 30th July, 1951.

The reference reads as follows:—

“The Minister of Labour requests the Wage Board in terms of sub-section (1) (a) of section *four* of the Wage Act, 1937, to investigate and report to him concerning the Tea, Coffee and Chicory Industry in the Union of South Africa.

Under the powers vested in him by section *five* of the Act, the Minister directs that the investigation shall be in respect of all employees in the said industry.

In terms of sub-section (1) of section *seven* of the Act, the Minister further directs the Board to submit to him a recommendation.

In this reference—

‘Tea, Coffee and Chicory Industry’ means the industry in which employers and employees are associated for the purpose of performing one or more or all of the following activities or operations:—

- (a) packing or wrapping tea, coffee, chicory or any product used either in mixing with coffee or chicory, or for addition to coffee or chicory;
- (b) roasting or grinding coffee, chicory or any product used either in mixing with coffee or chicory, or for addition to coffee or chicory,

and includes all activities and operations incidental to or consequent on, those specified in (a) and (b) above; and

‘Tea’ includes rooibos tea and bossies tea.”

\* NOTICE No. 575 OF 1951.

WAGE BOARD INVESTIGATION.—COMMERCIAL DISTRIBUTIVE TRADE, PRINCIPAL AREAS.

The Wage Board has received a reference in respect of the above-mentioned trade and notifies in terms of sub-section (1) of section *eleven* of the Wage Act, 1937, that it is about to investigate, report and submit a recommendation to the Minister of Labour concerning the Commercial Distributive Trade in the municipal areas specified in the reference.

Persons interested are hereby given the opportunity of making written representations to the Board. Such representations, accompanied by seven copies thereof, should reach the Secretary, Wage Board, Compensation House, Schoeman Street, Pretoria, not later than the 14th August, 1951.

The reference reads as follows:—

“The Minister of Labour requests the Wage Board in terms of sub-section (1) (a) of section *four* of the Wage Act, 1937, to investigate and report to him concerning the Commercial Distributive Trade in the following areas:—

*Cape Province.*—The municipal areas of Bellville, Cape Town, East London, Fish Hoek, Goodwood, Parow, Port Elizabeth, Simonstown, Uitenhage and Walmer.

*Natal.*—The municipal areas of Durban, Malvern, Pietermaritzburg, Pinetown and Westville.

*Orange Free State.*—The municipal area of Bloemfontein.

*Transvaal.*—The municipal areas of Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Johannesburg, Krugersdorp, Nigel, Pretoria, Randfontein, Roodepoort-Maraisburg and Springs and the area falling under the jurisdiction of the Elsburg Town Board.

Belanghebbende persone word hierby die geleentheid gebied om skriftelike vertoë by die Raad in te dien. Dié vertoë, tesame met sewe afskrifte daarvan, moet die Sekretaris, Loonraad, Ongevallegebou, Schoemanstraat, Pretoria, uiterlik op 30 Julie 1951, bereik.

Die opdrag lui soos volg:—

„Die Minister van Arbeid versoek die Loonraad kragtens subartikel (1) (a) van artikel *vier* van die Loonwet, 1937, om ondersoek in te stel na, en aan hom verslag te doen oor die tee-, koffie- en sigorei-nywerheid in die Unie van Suid-Afrika.

Kragtens die bevoegdhede hom by artikel *vyf* van die Wet verleen, gee die Minister opdrag dat die ondersoek ten opsigte van al die werknemers in die nywerheid gehou moet word.

Kragtens subartikel (1) van artikel *sewe* van die Wet, gee die Minister die Raad ook opdrag om 'n aanbeveling aan hom voor te lê.

Vir die doeleindes van hierdie opdrag beteken—

‘Tee-, koffie- en Sigorei-nywerheid’ die nywerheid waarin werkgewers en wernemers verbonde is met die doel om een of meer of almal van die volgende werksaamhede of bedrywighede te verrig:—

- (a) verpak en toedraai van tee, koffie, sigorei of enige produk wat òf vir vermenging met koffie of sigorei òf vir byvoeging by koffie en sigorei gebruik word;
- (b) brand of maal van koffie, sigorei of enige produk wat òf vir vermenging met koffie of sigorei, òf vir byvoeging by koffie of sigorei gebruik word,

met inbegrip van alle werksaamhede en bedrywighede wat behoort by dié wat in (a) en (b) hierbo genoem is, en die gevolg daarvan is; en ‘tee’ sluit rooibostee en bossiestee in.”

\* KENNISGEWING No. 575 VAN 1951.

LOONRAADONDERSOEK.—KOMMERSIËLE DISTRIBUTIEBEDRYF, HOOFGEBIEDE.

Die Loonraad het 'n opdrag in verband met bogenoemde bedryf ontvang, en gee kragtens subartikel (1) van artikel *elf* van die Loonwet, 1937, kennis dat hy op die punt staan om ondersoek in te stel na, aan die Minister van Arbeid verslag te doen oor, en 'n aanbeveling voor te lê ten opsigte van, die Kommersiële Distribusiebedryf in die munisipale gebiede in die opdrag genoem.

Belanghebbende persone word hierby die geleentheid gebied om skriftelike vertoë by die Raad in te dien. Dié vertoë, tesame met sewe afskrifte daarvan, moet die Sekretaris, Loonraad, Ongevallegebou, Schoemanstraat, Pretoria, uiterlik op 14 Augustus 1951 bereik.

Die opdrag lui soos volg:—

„Die Minister van Arbeid versoek die Loonraad kragtens subartikel (1) (a) van artikel *vier* van die Loonwet, 1937, om ondersoek in te stel na en aan hom verslag te doen oor die Kommersiële Distribusiebedryf in die gebiede hieronder genoem:—

*Kaapprovinsie.*—Die munisipale gebiede van Bellville, Kaapstad, Oos-Londen, Vishock, Goodwood, Parow, Port Elizabeth, Simonstad, Uitenhage en Walmer.

*Natal.*—Die munisipale gebiede van Durban, Malvern, Pietermaritzburg, Pinetown en Westville.

*Oranje-Vrystaat.*—Die munisipale gebied van Bloemfontein.

*Transvaal.*—Die munisipale gebiede van Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Johannesburg, Krugersdorp, Nigel, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Maraisburg en Springs en die gebied wat onder die regsgebied van die Elsburgdorspraad val.

Under the powers vested in him by section five of the Act, the Minister directs that the investigation shall be in respect of all employees in the said trade except the following classes of employees, namely—

- (a) commissionaires;
- (b) employees, the major portion of whose time is spent in the manual operations comprised in hairdressing, shaving or the rendering of other toilet services;
- (c) any employee of an employer engaged in the Commercial Distributive Trade who is also engaged in a business in respect of which a licence, other than one of the licences referred to in the definition of Commercial Distributive Trade, is required, if the major portion of such employee's time is spent in connection with such business;
- (d) employees, the major portion of whose time is spent in any one or more or all of the following activities namely, erecting or maintaining machinery, plant or similar equipment elsewhere than on the premises of their employers;
- (e) employees in Native areas as defined in sub-section (2) of section fifty-one of the Industrial Conciliation Act, 1937.

In terms of sub-section (1) of section seven of the Act, the Minister further directs the Board to submit to him a recommendation.

In this reference 'Commercial Distributive Trade' means the trade carried on—

- (a) by holders of bottle liquor licences issued under the Liquor Act, 1928;
- (b) by persons required to take out one or more of the licences specified in the undernoted items of Part I of the Second Schedule to the Licences Consolidation Act, 1925:—

- Item 3—Apothecary;
- Item 10—Fresh Produce Dealer;
- Item 11—General Dealer;

- (c) in any shop or premises in respect of which a licence is required in terms of paragraph (2), Item 4 (Baker) of Part I of the Second Schedule to the Licences Consolidation Act, 1925,

but shall not include—

- (i) that section of the trade in which is carried on—
  - (a) the sale or distribution or both by wholesale by manufacturers (including cereal millers) of the goods manufactured by them;
  - (b) the sale or distribution or both of the products of a bakehouse from the premises thereof;
  - (c) the sale or distribution or both of stone, gravel, sand, road material or other similar products; or
  - (d) the business of a quarry master;
- (ii) the Liquid Fuel and Oil Trade;
- (iii) the Dairy Trade;
- (iv) the Coal Trade;
- (v) the Timber Trade.

'Liquid Fuel and Oil Trade' means the trade in which employers and employees are associated wholly or mainly for the purpose of receiving, packing, filling, delivering, distributing or selling by wholesale or in bulk, as the case may be, of—

- (a) any form of liquid fuel used for the purpose of driving internal combustion engines; or
- (b) any form of lubricating oil or grease; or

Kragtens die bevoegdheede hom verleen by artikel vyf van die Wet, gee die Minister opdrag dat die ondersoek ten opsigte van alle werknemers in die genoemde bedryf gehou word, behalwe ten opsigte van die ondergenoemde klasse werknemers, naamlik—

- (a) deuropsigter;
- (b) werknemers wat die grootste gedeelte van hulle werktyd deurbring met die handewerk verbonde aan hare kap, baard skeer of met die lewering van ander toiledienste;
- (c) enige werknemer van 'n werkgewer verbonde aan die Kommersiële Distribusiebedryf, wat ook verbonde is aan 'n besigheid waarvoor 'n lisensie, behalwe een van die lisensies waarna in die woordomskrywing van Kommersiële Distribusiebedryf verwys word, nodig is, indien die grootste gedeelte van so'n werknemer se werktyd in verband met dié besigheid deurbring word;
- (d) werknemers wat die grootste gedeelte van hulle werktyd deurbring in een of meer van die ondergenoemde werksaamhede, naamlik oprigting of instandhouding van masjinerie, bedryfsuitrusting of soortgelyke uitrusting elders as op die persele van hulle werkgewers;
- (e) werknemers in Naturellegebiede soos omskrywe in subartikel (2) van artikel een-en-vyftig van die Nywerheid-versoeningswet, 1937.

Kragtens subartikel (1) van artikel sewe van die Wet, gee die Minister die Raad ook opdrag om 'n aanbeveling aan hom voor te lê.

In hierdie opdrag beteken Kommersiële Distribusie-bedryf die besigheid gedoen—

- (a) deur houers van bottel-dranklisensies uitgereik ingevolge die Drankwet, 1928;
- (b) deur persone van wie vereis word om een of meer van die lisensies bepaal by die items, hieronder genoem, van Deel I van die Tweede Bylae tot die Licenties Konsolidatie Wet, 1925:—

- Item 3—Apteek;
- Item 10—Varsproduktehandelaar;
- Item 11—Algemene Handelaar;

- (c) enige winkel of persele ten opsigte waarvan 'n lisensie vereis word kragtens paragraaf (2), Item 4 (Bakker), of Deel I van die Tweede Bylae van die Licenties Konsolidatie Wet, 1925,

maar sluit nie die ondergenoemde in nie—

- (i) dié afdeling van die bedryf waarin ondergenoemde sake gedoen word—
  - (a) die verkoop en/of verspreiding deur middel van groothandel deur fabrikante (met inbegrip van graanmeulenaars) van die goedere deur hulle vervaardig;
  - (b) die verkoop en/of verspreiding van die produkte van 'n bakkery vanuit die persele van dié bakkery;
  - (c) die verkoop en/of verspreiding van klip, gruis, sand, padboumateriaal of ander soortgelyke produkte; of
  - (d) die besigheid van 'n steengroefeienaar;
- (ii) die vloeibare brandstof- en oliebedryf;
- (iii) die melkerybedryf;
- (iv) die steenkoolbedryf;
- (v) die timmerhoutbedryf.

'Vloeibare Brandstof- en Oliebedryf' beteken die bedryf waarin werkgewers en werknemers uitsluitlik of hoofsaaklik verbonde is met die doel om die goedere, hieronder genoem, deur middel van groothandel of in grootmaat, al na die geval, te ontvang, te verpak, te vul, af te lewer, te versprei of te verkoop—

- (a) enige vorm van vloeibare brandstof wat vir die aandrywing van binnebrandmasjiene gebruik word; of
- (b) enige vorm van smeerolie of ghries; of

(c) any form of oil, grease or product derived from oil if distributed by an employer engaged in (a);

and includes any operation incidental thereto or consequent thereon.

'Dairy Trade' means the trade in which employers and employees are associated for the purpose of the sale or distribution, or both, of whole milk and includes the sale or distribution, or both of any or all of the articles included in the definition of dairy produce if such sale or distribution, or both, is in association with the sale or distribution, or both, of whole milk and further includes all work incidental thereto if carried on by such employers and employees, but does not include the sale of surplus whole milk, buttermilk, skimmed milk or separated milk to milk distributors by factories at which milk products are manufactured and from which whole milk is not ordinarily sold.

'Dairy produce' means, without limiting the ordinary meaning of the term, cream, butter, cheese, buttermilk, skimmed milk, separated milk, cultured milk, sour milk, eggs, honey and ice cream.

'Coal Trade' means the trade in which employers and employees are associated for the sale, distribution and preparation for sale of coal or firewood, or both, or for any one or more of these activities.

'Coal' includes coke and charcoal.

'Timber Trade' means the trade in which employers and employees are associated for any one or more or all of the following purposes, namely, the sale, distribution and preparation for sale of any one or more or all of the following articles, namely, timber, wood and waste products from the processing of timber or wood, or both."

\* NOTICE No. 576 OF 1951.

WAGE BOARD INVESTIGATION.—COAL AND  
TIMBER TRADES: PRINCIPAL AREAS.

The Wage Board has received a reference in respect of the above-mentioned trades, and notifies in terms of sub-section (1) of section eleven of the Wage Act, 1937, that it is about to investigate, report and submit a recommendation to the Minister of Labour concerning the coal and timber trades in the municipal areas specified in the reference.

Persons interested are hereby given the opportunity of making written representations to the Board. Such representations, accompanied by seven copies thereof, should reach the Secretary, Wage Board, Compensation House, Schoeman Street, Pretoria, not later than the 14th August, 1951.

The reference reads as follows:—

"The Minister of Labour requests the Wage Board, in terms of sub-section (1) (a) of section four of the Wage Act, 1937, to investigate and report to him concerning the Coal and Timber Trades in the following areas:—

*Cape Province.*—The municipal areas of Bellville, Cape Town, East London, Fish Hoek, Goodwood, Parow, Port Elizabeth, Simonstown, Uitenhage and Walmer.

*Natal.*—The municipal areas of Durban, Malvern, Pietermaritzburg, Pinetown and Westville.

*Orange Free State.*—The municipal area of Bloemfontein.

*Transvaal.*—The municipal areas of Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Johannesburg, Krugersdorp, Nigel, Pretoria, Randfontein, Roodepoort-Maraisburg and Springs and the area falling under the jurisdiction of the Elsburg Town Board.

(c) enige vorm van olie, ghries, of produk verkry van olie, wanneer dit versprei word deur 'n werkgewer betrokke by (a),

met inbegrip van enige bedrywigheid wat daarby behoort of wat daarop volg.

'Melkerybedryf' beteken die bedryf waarin werkgewers en werknemers verbonde is vir die verkoop en/of verspreiding van volmelk en sluit in die verkoop en/of verspreiding van enigeen of almal van die artikels ingesluit onder die woordomskrywing van suiwelprodukte indien dié verkoop en/of verspreiding verbonde is aan die verkoop en/of verspreiding van volmelk en sluit verder alle werk in wat daarby behoort indien genoemde werk deur dié werkgewers en werknemers verrig word, maar sluit nie die verkoop van surplus volmelk, karringmelk, afgeroomde melk of afgeskeide melk aan melkdistribueerders deur fabriekke in waar melkprodukte vervaardig word en waar volmelk nie gewoonweg verkoop word nie.

'Suiwelprodukte' beteken, sonder om die gewone betekenis van die woord te beperk, room, botter, kaas, karringmelk, afgeroomde melk, afgeskeide melk, versuurde melk, suurmilk, eiers, heuning en roomys.

'Steenkoolbedryf' beteken die bedryf waarin werkgewers en werknemers verbonde is vir die verkoop, verspreiding en voorbereiding vir verkoop van steenkool en/of vuurmaakhout, of vir enigeen of meer van hierdie werksaamhede.

'Steenkool' sluit kooks en houtskool in.

'Timmerhoutbedryf' beteken die bedryf waarin werkgewers en werknemers verbonde is vir enigeen of meer of almal van die volgende doeleindes, naamlik die verkoop, verspreiding en voorbereiding vir verkoop van enigeen of meer of almal van die volgende artikels, naamlik timmerhout, hout en afvalprodukte uit die prosessebawering van timmerhout en/of hout."

\* KENNISGEWING No. 576 VAN 1951.

LOONRAADONDERSOEK.—STEENKOOL- EN  
TIMMERHOUTBEDRYWE.—HOOFGEBIEDE.

Die Loonraad het 'n opdrag in verband met bogenoemde bedrywe ontvang, en gee kragtens subartikel (1) van artikel elf van die Loonwet, 1937, kennis dat hy op die punt staan om ondersoek in te stel na, aan die Minister van Arbeid verslag te doen oor, en 'n aanbeveling voor te lê vir die Steenkool en Timmerhoutbedrywe in die munisipale gebied in die opdrag genoem.

Belanghebbende persone word hierby die geleentheid gebied om skriftelik vertoë by die Raad in te dien. Dié vertoë, tesame met sewe afskrifte daarvan, moet die Sekretaris, Loonraad, Ongevallegebou, Schoemanstraat, Pretoria, uiterlik op 14 Augustus 1951 bereik.

Die opdrag lui soos volg:—

„Die Minister van Arbeid versoek die Loonraad kragtens subartikel (1) (a) van artikel vier van die Loonwet, 1937, om ondersoek in te stel na, en aan hom verslag te doen oor die Steenkool- en Timmerhoutbedrywe in die volgende gebied:—

*Kaapprovinsie.*—Die munisipale gebiede van Bellville, Kaapstad, Oos-Londen, Vishoek, Goodwood, Parow, Port Elizabeth, Simonstad, Uitenhage en Walmer.

*Natal.*—Die munisipale gebiede van Durban, Malvern, Pietermaritzburg, Pinetown en Westville.

*Oranje Vrystaat.*—Die munisipale gebied van Bloemfontein.

*Transvaal.*—Die munisipale gebiede van Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Johannesburg, Krugersdorp, Nigel, Pretoria, Randfontein, Roodepoort-Maraisburg, en Springs en die gebied wat onder die regsgebied van Elsburg Dorpraad val.



Under the powers vested in him by section five of the Act, the Minister directs that the investigation shall be in respect of all employees engaged in the said trades.

In terms of sub-section (1) of section seven of the Act, the Minister directs the Board to submit to him a recommendation.

For the purpose of this reference—

- (i) *coal trade* means the trade in which employers and employees are associated for the sale, distribution and preparation for sale of coal or firewood, or both, or for any one or more of these activities;
- (ii) *Timber Trade* means the trade in which employers and employees are associated for any one or more or all of the following purposes, namely, the sale, distribution and preparation for sale of any one or more of the following articles, namely, timber, wood and waste products from the processing of timber or wood, or both.

(iii) *coal* includes coke and charcoal."

★ NOTICE No. 577 OF 1951.

LETSITELE IRRIGATION DISTRICT.

Notice is hereby given that the undermentioned persons have been elected members of the above-mentioned Board as from the date of publication hereof:—

- 1. Mr. J. T. van Niekerk, for three years.
- 2. Mr. G. B. Crawford, for two years.
- 3. Mr. S. J. G. H. Nel, for one year.

W. RODE,  
Magistrate.

Tzaneen, District Letaba,  
18th June, 1951.

★ NOTICE No. 578 OF 1951.

MALELANE IRRIGATION BOARD.

ELECTION OF MEMBERS.

Notice is hereby given that members Dr. W. S. Radley and P. F. A. Meyer have been re-elected as members of the Malelane Irrigation Board for a period of three years.

G. J. GRUBB,  
Magistrate.

Barberton, 20th June, 1951.

★ NOTICE No. 579 OF 1951.

SCHOONSPRUIT IRRIGATION BOARD.—  
NOMINATION COURT.

Notice is hereby given that the periods of office of the undermentioned persons as members of the above-mentioned Irrigation Board expire on the dates indicated opposite their names and that a public court will be held at the Magistrate's Court, Ventersdorp, on Wednesday, 25th July, 1951, at 10 a.m. for the purpose of nominating persons to replace them.

Name of Member.	Date of Expiry of Office.
De Villiers, P. C. ... ..	5th August, 1951.
Jooste, H. J. ... ..	5th August, 1951.
Naylor, E. A. ... ..	5th August, 1951.
Barkhuizen, J. J. ... ..	14th August, 1950.
Grobler, N. J. ... ..	14th August, 1950.
Naude, B. A. ... ..	14th August, 1950.

Dated at Ventersdorp, 18th June, 1951.

K. MAHONY,  
Magistrate.

Kragtens die bevoegdhede hom by artikel vyf van die Wet verleen, gee die Minister opdrag dat die ondersoek ten opsigte van al die werknemers in genoemde bedrywe gehou moet word.

Kragtens subartikel (1) van artikel sewe van die Wet, gee die Minister die Raad opdrag om 'n aanbeveling aan hom voor te lê.

Vir die doeleindes van hierdie opdrag beteken—

- (i) *Steenkoolbedryf*.—Die bedryf waarin werkgewers en werknemers verbonde is vir die verkoop, verspreiding en voorbereiding vir verkoop van steenkool en/of vuurmaakhout, of vir enigeen of meer van hierdie werksaamhede.
- (ii) *Timmerhoutbedryf*.—Die bedryf waarin werkgewers en werknemers verbonde is vir enigeen of meer of almal van die volgende doeleindes, naamlik, die verkoop, verspreiding en voorbereiding vir verkoop van enigeen of meer van die volgende artikels, naamlik, timmerhout, hout, en afvalprodukte uit die prosessbewerking van timmerhout en/of hout.

(iii) *Steenkool* sluit kooks en houtskool in."

★ KENNISGEWING No. 577 VAN 1951.

BESPROEINGSRAAD VAN LETSITELE.

Hierby word bekendgemaak dat ondergenoemde persone tot lede van bogenoemde Raad gekies is met ingang van die datum van publikasie hiervan:—

- 1. Mnr. J. T. van Niekerk vir drie jaar.
- 2. Mnr. G. B. Crawford vir twee jaar.
- 3. Mnr. S. J. G. H. Nel vir een jaar.

W. RODE,  
Magistraat.

Tzaneen, distrik Letaba,  
18 Junie 1951.

★ KENNISGEWING No. 578 VAN 1951.

BESPROEINGSRAAD VAN MALELANE.

VERKIESING VAN LEDE.

Hierby word bekendgemaak dat dr. W. S. Radley en P. F. A. Meyer vir 'n tydperk van drie jaar tot lede van die Besproeiingsraad van Malelane herkies is.

G. J. GRUBB,  
Magistraat.

Barberton, 20 Junie 1951.

★ KENNISGEWING No. 579 VAN 1951.

BESPROEINGSRAAD VAN SCHOONSPRUIT.—  
NOMINASIEHOF SITTING.

Hierby word bekendgemaak dat die ampstermyn van ondergenoemde persone as lede van bogenoemde Besproeiingsraad verstryk op die datums wat teenoor hul name gemeld word en dat 'n openbare hofsitting om 10 vm. op Woensdag, 25 Julie 1951, in die magistratshof te Ventersdorp gehou sal word om persone in hul plek te nomineer:—

Naam van lid.	Datum van verstryking van ampstermyn.
De Villiers, P. C. ... ..	5 Augustus 1951.
Jooste, H. J. ... ..	5 Augustus 1951.
Naylor, E. A. ... ..	5 Augustus 1951.
Barkhuizen, J. J. ... ..	14 Augustus 1950.
Grobler, N. J. ... ..	14 Augustus 1950.
Naude, B. A. ... ..	14 Augustus 1950.

Gedateer te Ventersdorp, 18 Junie 1951.

K. MAHONY,  
Magistraat.

\* NOTICE No. 580 OF 1951.

NOTICE OF DECLARATION IN TERMS OF SECTION NINE OF ACT No. 28 OF 1937.

Notice is hereby given that in terms of section *nine* of Act No. 28 of 1937, Daniel Brink, a European male of Dam Street, Porterville, in the District of Piketberg, was on the 18th day of May, 1951, declared to be a person unfit to possess a firearm for a period of three years as from the said date.

C. P. DOM,  
Assistant Magistrate.

Porterville, 18th June, 1951.

\* NOTICE No. 581 OF 1951.

CONFISCATED DIAMONDS.

In terms of section *thirty-four* of Act No. 14 of 1886 (Cape), it is hereby notified that the following diamonds were confiscated by the Magistrate, Barkly-West:—

Four rough and uncut diamonds of approximate weight of 1 carat.

Any person claiming ownership of these diamonds shall, within 21 days of publication hereof, prove to the satisfaction of the undersigned his claim to such right thereto.

J. P. VAN DER WALT,  
Magistrate.

Barkly-West, 16th June, 1951.

\* NOTICE No. 582 OF 1951.

UNION OF SOUTH AFRICA.

DEPARTMENT OF HEALTH.

BULLETIN No. 25 OF 1951, FOR THE SEVEN DAYS ENDED THURSDAY THE 21ST JUNE, 1951.

PLAGUE.

Nil.

SMALLPOX.

The farm Vlakplaas, Hoopstad District (Orange Free State), Manthe, Maphoitsile, Khibitswane, Taungs District (Cape).

TYPHUS FEVER.

Municipal area East London; Annshaw location, Kingwilliamstown District (Cape).

EPIDEMIC DISEASES IN OTHER COUNTRIES.

At date of latest available information there existed:—  
*Plague* in Allahabad (India).

*Cholera* in Calcutta, Tiruchirappalli (India); Chittagong (Pakistan); Bassein, Moulmein, Rangoon (Burma).

*Smallpox* in Ispahan, Teheran, Zandjan (Iran); Allahabad, Bombay, Calcutta, Cudalore, Kakinada, Kanpur, Mangalore, Masulipatnam, Tiruchirappalli, Visakhapatnam (India); Chittagong, Karachi (Pakistan); Akyab, Moulmein, Rangoon (Burma); Haipong, Hanoi (Vietnam).

*Typhus* in Baghdad, Mosul City (Iraq); Tabriz, Zandjan (Iran).

G. W. GALE,  
Secretary for Health.

